E-nuusbrief van sendelinge met OM Oekraine : Willem, Alla en kinders **Januarie 2010**

HERE4U

Oekraïnse Nuwejaarsgroete!

Toe ek die motor vanoggend gaan haal het, het die termometer -28ºC gewys! Soos die motor luier om spook-spook warm te word, terwyl ek die lae sneeu en ys daarvan afkrap, dryf my gedagtes na die strande in Suid-Afrika (en veral die Paarl se hitte!). Moontlik is dit waar jy hierdie brief sit en lees. Ek stel my voor hoe lekker warm en ontspanne dit moet wees! Ons hoop dat jy die rus sal geniet (of geniet het). Gun ons ook om dadelik dankie te sê vir die voorreg om jou as 'n vriend en vennoot in die bediening te kan hê.

Moontlik het die nuwe werksjaar alreeds weer begin. Mag dit 'n jaar van 'uit-die-lewens-krisisse-uitwoel' en 'n 'nuut-begin-jaar' wees. Laat ons glo dat ons ook in 2010 sal sien hoe 'n totale nuwe toekoms (met nuwe geleenthede) voor ons sal oopgaan. Ons glo dat dit moontlik sal wees as ons hierdie jaar 'n 'luister-na-God'-jaar sal maak! Daarom wil ons vir jou net die mooiste wense vir 2010 toewens.

(oor ons gebruike)

Hoeveel 'ou' is in jou 'nuut'?

Kersfees en Nuwejaar (of is dit nou Nuwejaar en Kersfees) is altyd 'n tradisie-volle tyd hier. Volgens die slimkoppe, het die Oekraïne Nuwejaar tradisioneel in Maart gevier. So het dit saamgeval met die begin van die saaityd. Tot vandag toe nog kom seuntjies op Nuwejaarsdag aan jou deur klop. Dan gooi hulle saadjies in jou voorportaal om vir jou voorspoed toe te wens! In die dae van Peter die Grote (in die 17de eeu) het dit geskuif na 1 Januarie. Natuurlik was die Gregoriaanse kalender toe in gebruik (wat volgens die huidige Juliaanse kalender 14 Januarie is). Later het die kommuniste nuwejaar vervroeg na 1 Januarie (om saam met die res van die westerse wêreld te val). Die kerk het egter vasgeskop en vier nog steeds kersfees volgens die ou kalender (dus 7 Januarie). Daarom groet ons mense hier, in die Oekraïne, nie met Kersfees en Nuwejaar, soos in Suid-Afrika nie, maar net Nuwejaar en Kersfees!

Hoe dit ook al sy ons het die volgende feesdae die afgelope maand gehad:

25 Desember : Saam met julle en as gesin vier ons Kersfees.

1 Januarie: Nuwejaarsdag- vanjaar beplan ons om dit saam met ons vriende in ons gesinsbediening te vier.

7-8 Januarie: Kersfees – bedieningsdae.

14 Januarie: Sommige vier nog 'n keer nuwejaar – ons herstel na die groot eet van Kersfees!

19 Januarie: Doop van Jesus – 'n groot Kerkfees-dag, wanneer mense in die koue riviere swem! (Vra Willem hoe dit voel, want hy het dit ook vanjaar gewaag saam met 'n komp vriende!)

Maar hoe vier mense kersfees hier in die Oekraïne?

- In sommige dorpies is daar 'n 'wertep' – 'n uitstalling wat die stal-toneel met die krip, diere, Josef en Maria met Baba Jesus uitbeeld.
- Natuurlik maak almal kersfeeskos. Die algemeenste is 'koetjoe' – 'koring met papawersaad, heuning, rosyntjies en neute. Party hou nog, ten spyte van al die baie voorbereiding, by die tradisionele kersfeestafel met sy 12 geregte.
- Daar is 'n kersboom, maar dit word 'n 'Novarichnja jolika' – nuwejaarsboompie – genoem. Geskenke is ook meer deel van Nuwejaarsvieringe as kersfees. So ook kersvader of 'Ded Moros' soos hy hier genoem word!
- Kersfeesdag, buiten die feit dat baie mense kerk toe gaan, is die gebruik om 'koljadki' (kersliedere) te sing. En is dit nie pret om in die sneeu van een van die ander huisie te stap en die blydskap van Christus se geboorte met mense te deel nie? Saam met vriende van ons gesiensgroep, het ons op 7 Januarie in die dorpie Ksewerivka kersliedere gesing en die Evangelie aan mense gebring.

(oor ons kinderbediening)

Tieners moet hoor!

Die naweek van 20-21 November het Alla en ons kinderbediening-span 'n konferensie vir Sondagskool-personeel van die area in ons OM-gebou in Vinnitsa aangebied. Meeste van die 17 persone, wat die konferensie bygewoon het, kom van dorpies waar OM die laaste 2 jaar òf 'n kamp gehou het òf 'n Sondagskool-opleiding-seminaar aangebied het. Die doel van die konferensie was om hierdie nuwe Sondagskoolonderwysers te bemoedig, ondervinding met mekaar te deel, en veral te besin hoe om tieners in die omgewing te bereik!

Alla deel graag met julle opmerkings, wat 3 van die mense tydens die konferensie gemaak het:

Loeba – 15 jaar oud – vanaf die dorpie Lisjintsi:*

"Nou verstaan ek meer myself"

* Gedurende die opleiding oor hoe om met tieners te werk, oor hulle fisiese en psigiologies behoefte, het Loeba die heeltyd na haar ma, wat ook die konferensie bygewoon het, gedraai en vir haar gesê, "Ja Ma, dis soos ek! Nou verstaan ek hoekom ek so optree!"

Walja – vanaf die dorpie Ilintsi:*

"Ons is almal mense met probleme en die probleme is baie dieselfde. Dus is ek nie die enigste een nie!"

* Walja is betrokke by die Sondagskool van 'n nuwe kerkplant in die dorpie Ilintsi. Die kerk is nou ongeveer 2 jaar oud.

Natasja – vanaf die dorpie Kozjatin:

"Ek het meer ontvang as wat ek verwag het! Dankie! Ek het uitgevind hoe om met tieners te werk en hoe om seker te maak dat die Bybelse waarheid duidelik is in my les. God het ook vir my gewys dat ek genoeg gesit het – dit is nou tyd om Hom te dien!"

Die kinderbedieningsgroep beplan in Maart 'n volgende konferensie, wat meer opleiding sal bied vir mense, wat tieners bedien.

(oor Oekraïners in die sending)

In Jamaika praat hulle Oekraïns!

Vitalii Porsjniev, is 'n Oekrainse seun, wat sy ma verloor het toe hy 9 jaar oud was. Sy pa was meestal dronk en het later in die tronk beland a.g.v. diefstal. Hy en sy 2 broers en 2 susters is almal kinderhuis toe gestuur nadat die familie-lede net nie na hulle almal kom omsien nie. Vitalii vertel van die alleenheid en hardheid van die kinderhuis-lewe. Jy kon nooit wys dat jy swak is nie, want dan word jy geboelie.

Baie keer, as ons werk met kindershuis-kinders, wonder mens of daar tog iets goed sal kom van al jou moeite. Wel, Vitalii is een van die stories van hoop. Hy het die Here ontmoet deur mense wat in hom (en kinderhuis-kinders) belanggestel het. Een van die mense was 'n OM-er, wat op die OM-sending-skip Doulos gewerk het. Deur sy voorbeeld het Vitalii tot bekering gekom en, soos sy mentor, begin belangstel aan sendingwerk op 'n OM-skip! In Oktober het Vitalii ons in Vinnitsa besoek waar Willem sending-opleiding aangebied. In Desember het Vitalii goedkeuring gekry om by die nuwe OM-skip, Logos Hope, aan te sluit. Toe Willem egter vir hom 'n vliegtuig kaartjie na Montegobaai (Jamaika), waar die skip tans is, wou koop, was daar geen kaartjie meer beskikbaar nie. Mismoedig plaas Willem toe maar Vitalii op 'n waglys. Gelukkig dien ons 'n God van wonderwerke! Die volgende dag het ons vir Vitalii 'n vliegtuigkaartjie gehad. Met die skryf van hierdie brief, is Vitalii in opleiding in Jamaika en behoort oor 'n week op die skip te begin werk.

Behoefte: Alhoewel Vitalii baie moeite gedoen het om sy maandelikse ondersteuning te kry – meestal uit die Oekraïne! - was daar nie geld vir 'n vliegtuigkaartjie en mediese versekering nie. OM Oekraïne het die geld hiervoor betaal , maar dit geleen (So ongeveer R9000). In die Here dus dit op jou hart lê om 'n bydrae te maak, sal ek dit baie waardeer want dit sal ons help om die geleende geld te kan teruggee!

PROJEK

Ons wil almal bedank wat persoonlik begin bydra het vanaf ons laaste nuusbrief. Dankie ook aan die gereelde maandelikse ondersteuners! Ons het twee mooi bydraes vir die bediening van gemeentes ontvang. Die bydrae van Panorama NGK gemeente het ons aangewend vir ons kinderbediening. Baie dankie vir die bydrae, wat net betyds gekom (want al ons fondse vir die bediening was uitgeput!). Dankie ook aan die gemeente van Fochville-Noord vir julle bydrae. Ons het dit gebruik om die kostes te dek vir die verspreiding van kindergeskenke aan behoeftige kinders (soos genoem in die laaste nuusbrief).

Hierdie maand sluit ek nie 'n projek in hierdie brief in nie, maar wil vra dat jy daaroor sal bid of jy nie 'n bydrae kan maak tot ons bediening nie. Sien dit as 'n nuwejaarsbydrae "Begin die nuwejaar nuut!" Indien jy graag wil sien waarvoor jy sou kon bydra, kan jy ons pragtige, kleurvolle OM Oekraïne nuwejaarsnuusbrief van ons webblog Here4U aflaai of ons kontak om dit vir jou te pos!

GEBEDSPUNTE

1. Ons het 'n pragtige nuusbrief uitgestuur aan alle kontakte op ons OM Oekraïne-adreslys. In die nuusbrief is besonderse projekte, wat befondsing nodig het. Bid asb. saam met ons dat God mense se harte sal motiveer tot finansiele betrokkenheid. Ons kan nie bedien sonder finansiele bydraes nie!
2. Die komende week het Willem het belangrike finansiele verslae, wat voltooi moet word. Bid vir konsentrasie en voorspoedige voltooing van die verslae vir die finansiele jaar 2009.
3. Willem is besig met voorbereiding vir beplanningsdae later in Februarie. Bid vir insig, want ons wil besin hoe om maksimale gebruik te maak van vrywilligers in ons bedienings.
4. Ons is dankbaar dat Joerie nou lidmaat van 'n plaaslike kerk is. Bid vir sy vrou Walja, asook Sasja en Liliaan wat gereeld ons gesinsbedieningsaande bywoon. Ons lees tans saam die Evangelie van Markus. Bid dat die Gees dit almal verstaanbaar en toepaspaar sal maak!
5. In 'n vorige nuusbrief het ons gevra dat julle saam met ons sal bid, omdat ons ervaar dat God wil hê dat ek en Alla vir ander gesinne tot seën moet wees, maar dat ons nie seker is wat dit beteken nie. Ons sal 7 Februarie moontlik 'n eerste afspraak met tot 10 jonger egpare hê. Hulle is in ons plaaslike kerk. Ons hoop om hulle te ondersteun en aan te moedig om in bediening betokke te raak!
6. Bid vir Willem dat hy die stem van God sal hoor. Hy preek gereeld in Vinnitsa, asook ander dorpies. Prys (en vra) die Here vir veranderde lewens. Twee weke gelede het 'n jong man tydens 'n erediens in 'n veraf dorpie tot bekering gekom!
7. Bid vir ons gesondheid. Elke jaar Februarie is grieptyd in die Oekraïne. Tans het ons baie koue weer. Dus is so maklik om 'n ou nare verkoue op te tel. Ons glo egter, dat die Geneesheer ook in beheer van ons gesondheid is!
8. Bid vir ons kinders. Johan het 'n baie stywe, vol program. Hy speel nou sokker, neem musieklesse en wil nog na swem toe ook gaan. Vova neem nou Aikido en sal moontlik ook nog met musiek begin. Bid dat hulle in hul besige programme tyd sal inruim vir God en gebed. Annamaria slaap al beter, maar maak ons nogsteeds soms tot 3 keer wakker in die nag.

BELANGRIKE DATUMS

Alhoewel van die datums nog nie bevestig is nie, noem ek 'n paar datums van belang:

27	Januarie	Kommunikasie-dag in OM Oekraïne
28	Januarie	Besoek kerke in die Vinnitsa omgewing – Willem
3	Februarie	Moontlike besoek aan Kiev om nuwe bedieningsmoontlikhede te ontgun – Willem
9	Februarie	OM Oekraïne gebedsdag
16-12	Februarie	Moontlike besoek aan Rivne – Willem
22-23	Februarie	Moontlike beplannings dae vir OM Oekraïne in Vinnitsa – Willem
24	Februarie	Kommunikasie-dag in OM Oekraïne

Webplekke

Here4U

Oekrainse kuierplek

Nuusbrokkies

Ons albums

WayOut - Willem's blog

OM Oekraine

Donasies

As geloofsbediening is ons afhanklik van finansiele donasies.

Debietorders:

Laai 'n debietorder vorm af of kontak Willem om een vir jou te stuur.

OM RSA debietorder.doc

Bedieningsrekenings:

Nedbank - Spaar
2389008291(takkode 138905)

ABSA - Spaar
9060994478 (takkode 632005)

Kontak ons

Van der Colffs
Box 6377
Vinnitsa
21030
UKRAINE

Willem se sel: +380-97-9397473
Alla se sel: +380-97-9889726
Huis: +380-432-466079

willem@ua.om.org
wiluaom@gmail.com

www.ua.om.org